# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOI
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOO
Tweede Kwartaal 1993

# Affies presteer puik op álle gebiede!

— Marelie du Plessis

**Dit is nie elke skool wat so 'n groot verskeidenheid puik presteerders oplewer nie! Stroom-Op het 'n bietjie gaan kyk na al die leerlinge wat klaar vanjaar Noord-Transvaal kleure vir hul onderskeie aktiwiteite verower het. En is die prestasies nie vreeslik uiteenlopend nie!**

Naas die Noord-Transvaalse atlete waaroor daar verlede termyn berig is, is daar nou 'n baie groot aantal hokkiespeelsters en drie netbalspeelsters wat Noord-Transvaalse kleure ontvang het.

Die nuwe skermklub het ook almal verstom en drie leerlinge het kleure verwerf. Yolande Erasmus het kleure vir korfbal gekry en Hanlie van der Merwe vir judo. Ses van ons landlopers verteenwoordig N-Tvl op die



SA's (sien berig elders op bladsy). Reneé Greyvenstein, Ronel en Sandra Spijkerman het Noord-Transvaal vir tennis gekry en die berugte Anne Stols het haar kleure in skyfskiet verwerf.

Dis nie net in sport waar die Affies uitblink nie. Twee Affies sing in die N-Tvl jeugkoor en daar is 'n hele paar Affies in die Noord-Transvaal- in die Noord-Transvaal-sowel as die TOD-orkes.

Soveel leerlinge het uitstekend tot nou toe presteer en dis nou eers die helfte van die jaar! Dit is dus duidelik dat Meisieshoër 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite aanbied en aanmoedig en dat die Affies self baie veelsydig is. Meisieshoër is trots op al hierdie puik presteerders — ons sien julle beslis wen!

## Affies-landloop verras almal

**Dit wil my voorkom of Affies se landloop 'n hupstoot gekry het vandat mev Els hulle onder hande geneem het en vir hulle 'n T-hemp ontwerp het om hulle aan te spoor.**

Ons Affies het twee jaar laas aan landloop deelgeneem, maar dit het hulle nie verhoed om hierdie jaar te kwalifiseer om die tiende Julie in Amanzimtoti aan die SA-skole-kampioenskappe deel te neem nie. (Hulle is een van vier skole uit

Vervolg op bl 10

# Roemryke tradisies bevestig Grey toe ...

— Quintin Harley, T le Roux —

**Wat 'n gesig en belewenis was die aankoms by die Pretoria stasie op Vrydagaand, 24 April nie — gedink net prima donna sterre kan so baie bagasie saamneem. Dan ken jy nie die Affies nie! Hoeveel van die bagasie klere en hoeveel kos, sou ons eers die nag op die trein uitvind ...**

Trots het jy gesien hoe vreemdelinge die netjiese manne "gecollar en getie" in hul uitgaandrag, bewonder. Die opgewondenheid tot barstens toe. was aansteeklik ...

Toe die trein die stasie "instroom", het die Affies soos baie belangrike hooggeplaastes gewag dat die veiligheidspolisie en honde eers die trein deursoek ...

Nie eers die eina-klein kompartementjies waarin ses uitgevrete lummels moes nesmaak en jy gangetjie toe moes gaan om om te draai kon die vrolikheid demp nie. Aantrek en uittrek was dan ook 'n aanskoulike ritueel.

Van slaap was daar weinig sprake, ten spyte van sommige onderwysers en onderwyseresse (met gaspistole) se oorverdowende pogings om leerlinge bed toe te jaag. Die middernagtelike feeste het tot in die vroeë oggendure geduur ...

Wie kon slaap as jou pa laas (19 jaar gelede) per trein Bloemfontein toe, Grey Kollege toe, is! Só 'n geskiedkundige belewenis slaap jy nie deur nie, jy geniet en beleef elke oomblik daarvan.

Uitgevat het die Affies hul gaste-ouers ontmoet om met ontbyt bederf te word. Almal was slaggereed om teen hul eweknie, die ander beroemdste skool, Grey Kollege kragte te meet. Die redenaars, skaak-, tennis-, tafeltennisspelers, landlopers en rugbyspelers het gou besef Grey is nie 'n katjie wat sonder handskoene aangepak behoort te word nie ... Die Grey-ouens het egter beslis ook nie ongeskaad daarvan afgekom nie.

Die Affies se tennisspanne het hul slag gewys en geseëvier en die redenaars het ook weer eens bevestig dat 'n man sy woord moet kan doen!

Die hoogtepunt van die dag — Affies en Grey gelykop (26 elk), op Grey se tuisveld! Die Wit Bulle en die Vrystaatse rugbysterre het rugby weer laat koning kraai.

Moeg, maar tevrede het die Affies die treinrit terug, aangepak. Die strawwe deelname teen waardige opponente, die vorige nag se eskapades en onuitwisbare herinneringe het talle vroegaand laat snork om eers weer wakker te word op Pretoria-stasie ...



Groot dankbaarheid het van jou besitgeneem dat jy genadig deel kon wees van die oor die 500 Affies: personeel en leerlinge wat uit volle bors die kreet skree en Affie-boys sing dat die peron bewe!

# DUTCHMAN TRAP DIE GALLE

## Ons medewerker op Pofadder

— Marius Bolhuis



**Nou zeg jonges, Nog een leuke overwinning over het Galle dichby de treinspoor, in 1993. Een Dag van vele hoochtepunkte voor de sogenaamde "Dutchman".**

Affies se eerste span het die kroon op 'n roemryke tradisie, wat van 1923 af strek, geplaas, toe hulle Pretoria Boys' High se eerste span met 29-9 gewen het. Dit was waarlik 'n geval van "Affies the Venue, Boys' High, the Menu" soos die wit truie 'n aanvanklike agterstand na rustyd, uitgewis het, en die streeptruie van Boys' High laat wegkwyn het tot 'n verdedigende span.


Selfs hier op Pofadder het ons die opbou tot die belangrike wedstryd in alle erns beleef, soos die twee seunskole vir die dag kleurbaadjies en dasse uitgeruil het. Sommige van die Boerseuns het dit selfs in Skotse rompies gewaag. Ek is vir hulle onthalwe bly dat daar 'n koningin op die troon is. Die winterkoue kan nogal sy tol eis.

Hierdie jaar het Boys' High ook in die Direkteurstrofeereeks gespeel. Daarmee is 'n bekommerde druk op die Affies geplaas, maar onder leiding van Neels Hattingh het die begeesterde span verseker dat Affies nou gemaklik voorloop in die stryd om die 66-trofee. Affies het 42 van die kragmetings gewen, terwyl Boys High 36 van die wedstryde gewen het.


1993 is die jaar van tradisies en nie een van ongeveer 5000 toeskouers sal dit vergeet, as hulle weer terugdink aan die historiese kragmeting tussen dié twee seunskole.




**Sonika Mentz**
**Bl. 5**



**Direkteur**
**Bl. 4**




**Bl. 8**



**Neels**
**Bl. 11**

# AKTUEEL ... AKTUEEL ... AKTUEEL ... AKTUEEL ... AKTUEEL ... AKTUEEL



## Convivium Romanum


— Wenette Jacobs

**Sowat M Romeinse hooggeplaastes het op Dies Veneris, Prid. Non. Iun., by die Aula (Tuks) vergader vir volskaalse feesvieringe. Die noodlot wou die saamtrek dwarsboom en die trein met gaste vanaf Johannesburgia was LXX minute laat.**

**Ten spyte hiervan is die teenwoordiges op Cocae-Colae en hamburgeri getrakteer. Hulle is ook vermaak deur geletterdes se leesvermoë, modelle wat splinternuwe modegiere bekend gestel het, driftige danse en slawe se skreeusnaakse toneelspel!**

**Terloops, Affies se st IX-godinne het 'n eerste prys verower en die juniors se opvoering met monsters, meisies en moedige "manne" was ook van hoogstaande gehalte. Al die gaste het 'n goue medalje ontvang om hulle aan hierdie heugelike dag te herinner — dit was sommiges van ons se eerste medalje wat ons ooit ontvang het!**

**Vivit lingua Latina! Vivit convivium Romanum!**




# "We had Ball"

— Eliza Dancedalot

**('n Vervolg op "Die Bal is aan die rol" — Stroom-op, eerste kwartaal)**



*By die Matriekbal gesien: Die "birdie song".*



**"Seunshoër se eerste rugbyspan mag nie matriekbal toe kom nie," het 'n matriekleerling (bekommerd/verlig?) aangekondig. "Sien, hulle speel Saterdag 'n belangrike wedstryd en nou moet hulle reeds agtuur gaan slaap ..."**


Die reaksie was oorweldigend. Gaan die Bal WEER uitgestel word? (Sekere matrieks was veral bekommerd aangesien hulle rokke nie ontwerp was vir 'n wintersaand nie en teen die tempo wat die Baldatum verander is, was 30 Junie nie 'n onmoontlikheid nie). Genoemde rugbyspan het egter verras deur met 'n briljante oplossing te kom: verlore slaap is ingehaal op die dansbaan (tydens 'n sluimerende "slow dance") en beseringstyd. (Die owerhede se plan om die sport na Donderdagmiddag in plaas van Saterdagoggend te verskuif, het natuurlik ook gehelp).

By die Bal aangekom (meestal in Pa se kar), is die paartjies begroet deur 'n groep nuus-honger, hiperaktiewe Stroom-opfotograwe. (Eerste spansystaptegnieke het hier wondere verrig). Eindelik is die dansbaan geopen deur 'n sjarmante matriekprinses (Gené) en haar metgesel. Kort voor lank is daar ge-rumba, ge-"swing" en — vir die minder geoefendes — sommer net gedans.

Dat elke menslike ondervinding opvoedkundig kan wees, is sonder twyfel op die Bal bewys. Sien, ons het geleer dat groot skywe olierige pizza tel vir 'n vingerete. Ek kan wed Emsie Schoeman het dít nie geweet nie. (Nou ja, 'n mens is ook nooit te oud om te leer nie!) Bel-'n-pizza en Soen-'n-samoosa was in elk geval verheug oor die besigheid ...

Die Aspoestertjies se "fairy godmothers" het oortyd gewerk om 'n paar brulpaddas (a la mnr du Plessis) in galante prinse te verander. Die meeste meisies se avontuurlikheid om misterieuse vreemdelinge te vra, is beloon toe hulle eers die man agter die groen das leer ken het.

Sowat 80 Eliza Doolittles het Saterdagoggend (ongeveer 3:00) aan die slaap geraak met net een gedagte: "I could have danced all night ...!




## "Edu-Train"

— Ria Potgieter

**"Ons het manne nodig wat kan droom oor dinge wat nooit bestaan het nie." Dit was waar vir Amerika toe JF Kennedy dit in 1963 gesê het, maar dis ook vandag waar vir ons.**

Niemand kan drome kweek nie, maar EDU-TRAIN saai 'n paar idees wat miskien kan ontkiem en groei tot ... 'n droom?

EDU-TRAIN is nie 'n hipnosesessie saam met die sielkundiges nie en dis ook nie 'n kykie in die Suid-Afrikaanse kristalbal nie. Geen twee individue se drome en ideale is in elk geval ooit presies dieselfde nie.

Dis veral jou sestig mede-studente wat hierdie nege dae onvergeetlik maak. Om te sê dat daar baie misverstande en wanindrukke is, sou die eufemisme ("understatement") van die dekade wees. Jy word nogal ontnugter wanneer iemand anders 'n moontlikheid ernstig oorweeg wat jy summier as totaal absurd geklassifiseer het.

'n Gunstelingfrase soos: "Ek sal graag uitbrei op wat sy gesê het ..." laat jou besef dat wat jy gesê het sopas drastiese chirurgie ondergaan het. "Andrew het gesê ..." 'n Verbaasde Andrew: "Het ek DIT gesê?" 'n Mens besef weer watter kuns kommunikasie is.

EDU-TRAIN is 'n skokkende blik op die realiteit, hewige debatte en skielik 'n onverskillige gedagte — dat daar werklik hoop is.

## Jeugbal 1993

— Hanlie du Plessis

**Die agtste Mei het weer eens die loodsing van 'n baie suksesvolle, jaarlikse Junior Stadsraadprojek gesien, nl. die Jeugbal.**

Op dié aand het skoliere vanoor die hele Pretoria hul aandpakke en formele rokke aangetrek. Sowat 250 paartjies het by die Technikon Pretoria opgedaag vir 'n glansryke aand.

Die aand is begin deur vele eregaste se toesprake en almal is in 'n ligte luim geplaas toe daar 'n heildronk op die jeug van Suid-Afrika gedrink is (met druiwesap, natuurlik!) Die aand het verder 'n eersteklas driegangmaaltyd en 'n "interessante" kabaretvertoning ingesluit.

Die oomblik waarvoor almal gewag het, was egter toe die Junior Burgemeester, Angus Cameron en sy metgesel die dansvloer geopen het. Van toe af is daar net dansende, glimlaggende paartjies gesien — niemand kon stilsit met die uitstekende musiek in hulle ore nie.

Die aand was 'n groot sukses en almal wat daar was, kan getuig dat dit baie professioneel aangebied is. Geluk aan Philip Rademan en sy jeugkomitee wat die projek geloods het. Ons sien uit na volgende jaar!


## 'n Sosiaal wat gewerk het

— Wenette Jacobs

**'n Latynsosiaal is op Maandagaand 30 Maart in AHM se skoolsaal gehou. Seunshoër se Latiniste is uitgenooi om die geselligheid mee te maak.**

Daar is rustig aangelê vir die moderne weergawes van Romeinse geregte: pasta, pizzas en hamburgers. Daar was ongelukkig geen ooreenkoms tussen die Romeine se musiek en die moderne weergawe nie!

Die aand was 'n reuse sukses, al het dit partykeer aan die begin maar 'n bietjie styf-styf gegaan. Hegte vriendskapsbande tussen die Latiniste van elke standerd is gesluit. Ons wag nog op 'n soortgelyke uitnodiging van die seuns. Hulle is seker besig met voorbereidings.



*Iemand het geleer draai!*



*Linkervoet, regtervoet, linkervoet, ... regter ...*

**Aantreklike** Matriekmeisie (1,14 m), donker hare en smeulende bruin oë, is op soek na 'n galante jong man as metgesel vir die Matriekafskeid. Kontak E 446-1946. (NS Ek kan myself verdedig).



**MATRIEK MATRIEK!**

**GRAPPIE:**

Vraag: Wat is geel en gee wiskunde?
Antwoord: 'n "Cheese Burger".

# Tradisiehoekie

— Marelie du Plessis

**Kyk net hoe het dinge deur die jare verander! Die volgende aanhalings kom uit ou jaarblaaie.**

1949: "Ongelukkig vind die Provinsiale Administrasie dit onmoontlik om nou 'n liggaamsoefeninglokaal te laat bou. Ons besef egter dat die fondse baie skraal is. Ons is baie dankbaar vir hulle mildelike hulp op ander gebiede en sal geduldig moet wag tot daar weer fondse beskikbaar is vir liggaamsoefeninglokale..."

1953: "Vrydagaand, 8 Mei, het ons 'n baie geslaagde volkspele-aand gehou. Daar was bykans 'n honderd neefs en niggies teenwoordig. Ons voel baie trots daarop dat die meeste niggies die Voortrekkerrokke van ons laer gedra het (ons het besluit dat die kleure blou, geel, groen en ligrooi moet wees)."

1958: "Ons tennisspan is vanjaar baie entoesiasties en daar is ruim 300 lede(!)"

1964: (Skaakklub): "Die ledegeld van 25c per lid word gebruik om bykomstige stelle aan te koop en om die verversingskoste tydens wedstryde te dek."

1976: "Die debatsbestuur het besluit om die debat in twee dele te hou, waarvan die eerste deel 'n Afrikaanse debat was met die onderwerp: "SA se naam en vlag moet verander word ten opsigte van die nuwe Tuislandontwikkeling."

ALGEMEEN ALGEMEEN ALGEMEEN

# SPQR-dag: Pridie Non Jun MCMXCIII



*Triumviralis amicitia*
*BJ v Zyl, Herman Blignaut en Herman Smalman.*



*Bacchus et amicus militus amicitia rara!*
*Adam Willemse en Retief Burger.*

# Kunsuitstalling
## 7 Oktober 1993



**'n Kunsuitstalling van die Affies se kunsleerlinge en van die oud-Affies word gehou.**

**Werke in alle mediums sal uitgestal word.**

# Skynhof



**Dirk van der Merwe het aan die skynhofkompetisie deelgeneem.**

Hy is een van die 10 (uit die 200) wat Noord-Transvaal in Natal gaan verteenwoordig.

In die nasionale kompetisie wat tydens 4 tot 9 Julie plaasvind, sal 'n Suid-Afrikaanse span gekies word.

# "Neem my hand, my vriend ..."

Mnr W Dyer

**Met hierdie woorde van Christa Steyn het die Affiekoorfees '93 één boodskap uitgedra: die krag van musiek bou brûe wat nie wankel nie.**

Saterdagaand, 12 Junie 1993: menige koue sangliefhebber in Pretoria kruip uit sy winternes, trotseer die koue en ruk op na die Musaion. Die geleentheid: 'n spoggaand wat lank in koorkringe onthou sal word, dié aand toe Pretoria warm gesing is — die grootste Affiekoorfees nóg!

Die entoesiastiese gehoor word op koorsang, blaasorkesklanke en musiekitems uit die boonste rakke getrakteer. Lynnwood Laerskool onder leiding van mev Mercia Wepener, sing al wat 'n ouerhart is warm met hulle helder kinderstemme en die Hoërskool Menlopark, onder leiding van mej Hannelize Korb, bewys dat hulle 'n krag in die Noord-Transvaal koorstreek is waarmee beslis in die toekoms rekening gehou moet word. Die gaskore uit Bloemfontein, naamlik Grey Kollege onder leiding van mev Ansphi Venter en die koor van die Oranje Hoër Meisieskool onder leiding van mev Marcha Geyer, lewer ook sang van hoogstaande gehalte. Die dogterskoor van die Hoërskool Monument, onder leiding van mev Renette Bouwer, word nie verniet beskou as een van die beste dogterskore in die land nie.



Die oomblik van waarheid breek aan... mnr Du Plessis en die Affie-manne stap op die verhoog en oorweldig almal met die geesdrif waarmee hulle die skool se naam deurgaans hoog hou. "We all stand together" getuig van 'n innerlike oortuiging dat koorsang mense saambind.

Die aand word afgesluit deur 'n massakoor van 400 stemme. Met 'n duidelike boodskap van hoop vir ons land en sy mense gaan almal huis toe, weer eens versterk deur die krag van musiek wat alle grense oorbrug. "I know a place where it's quiet and peaceful" en "O vader neem ons hande" sal nog lank in die gange van die Musaion en elke Affie-koorhart weerklink!

Op 'n hoë noot word die koornaweek afgesluit met 'n diens in die NG Kerk Pretoria-Oos. So word daar dank gebring aan die Vader vir die wonderlike gawe van sang!

# Prefekkamer onthul



*Dr Edwards onthul die prefekkamer.*

# TOD-Koorfees Krugersdorp

— Dirk Badenhorst

**In 'n ligte luim het ons op die oggend van 3 Junie na Krugersdorp vertrek. As jy 'n hele dag skool misloop, en dit dubbel Wiskunde en Wetenskapperiodes insluit, kan jy nie anders as om in 'n feestelike bui te wees nie.**

Min het ons egter geweet wat op ons wag. Hierdie Koorfeesorganisasie was strenger as Affie-haarreëls. Mej Nella (Gunny) Boshoff het ons gou laat verstaan dat die Koorfees suksesvol sou afloop...

Gelukkig is die massakooroefening gou afgehandel en kon ons na ons gasskool vertrek. Na ete is daar "touchrugby" gespeel, oor middagete gepei(y)ns en selfs akademies verkeer.

Na aandete (koshuiskos is eiesoortig) het ons na die Eeufeessaal vertrek. Die spanning voor ons optrede was onnodig, aangesien al die kore puik uitvoerings gelewer het. Dit het veroorsaak dat die kore meer toegeneë was teenoor die "Mental" Parkies. Om die tyd te verwyl voor die massakooroptrede is op 'n spontane wyse besluit dat elke koor 'n item moet lewer. (Sodat ons darem kon hoor hoe die ander kore sing). Ons hoofbydrae was Lourens en Pieter se uitvoering van "Groovy Kind of Love". 'n Sekere hooggeplaaste koorlid het egter voorgestel dat ons die "Affie-boys" ook moet sing. Dit was miskien nie heeltemal gepas nie, maar dit het duidelik laat blyk dat Affies eiesoortig in karakter is.

Die massakooroptrede het die saal se dak laat lig en die aand op 'n hoogtepunt afgesluit.

Laat die aand het ons uitgeput en moeg gesing terug na Pretoria vertrek. Mnr Du Plessis het nog aan 'n paar akademici Biologie verduidelik, maar die meeste van ons het die verlore slaap ingehaal...


Terloops, daar is 'n nuwe snelheidsrekord tussen Pretoria en Krugersdorp opgestel op die aand van 3 Junie. Laat, vanweë 'n lang rugbyoefening, het 'n sekere eerstespanlid sy blou blits oor die aarde laat skeer. Ja, hy was betyds vir die oefening, maar hy het ook 'n R300-boetekaartjie as bewys van sy "prestasie" gekry.

# BOYS' HIGH PREFEKTE KUIER ...



# Ons Wiskundige blikbrein! - Richard Franklin -

— Cornel Stander



**Richard Franklin het die afgelope kwartaal homself onderskei as een van Affies se top Wiskundige.**

Hierdie wiskundige sensasie het toegeslaan op Suid-Afrika se wiskunde-, wetenskap- en rekenaarolimpiades.

"Franklinstein" het die volgende prestasies behaal:

— Old Mutual Wiskunde olimpiade — tweede rondte.
— Rekenaarolimpiade finalis (Top 17 landswyd).
— Wetenskap olimpiade Top 100.

Ons hoop vir verdere onderskeidings in die akademiese veld!!


# WILDSFEES



**- 'n Eerste vir Affies -**
**Saterdag, 14 Augustus 1993**
**17:00 - 24:00**
**Pretoria Rugbyklub**
**Ete en Dans**

* * *

**Spyskaart**
*Gemsbokgroentesop*
*Wildsosaties*
*Wildswors verskeidenheid*
*Wildspotjie*
*Jong aartappels in baadjie*
*Stampmielies of mieliepap*
*Gemengde slaai*
*Tuisgebakte brood en konfyt*
*Koffie*

**Eksotiese Tafel**
*Gebraaide mopaniwurms*
*Gerookte pofadder*
*Gemarineerde krokodil.*
*Eland op die spit*

**R60 per persoon**
*Kaartjies te koop by Affies*

Kleredrag: Jagklere ... (vrywillig)

**REDAKSIONEEL** **REDAKSIONEEL** **ALGEMEEN**

# Oud-Affie van die Kwartaal

## — Jeremie Malan —


**Jeremie Malan is op 10 September 1957 in Pretoria gebore. Sy laerskoolopleiding voltooi hy aan Pretoria-Oos en in 1975 slaag hy matriek aan Affies met 'n onderskeiding in Kuns.**

Gedurende sy hoërskooljare verteenwoordig hy Affies vanaf 1973-75 op die krieketveld en tree die eerste span twee keer as ligawenners uit die stryd.

Vanaf 1976-77 doen hy sy Militêre Opleiding in die Suid-Afrikaanse Polisie. In 1978 skryf hy hom in aan Tukkies en behaal in 1983 'n graad in Argitektuur met lof. Gedurende sy studentejare was hy ook ondervoorsitter van Boukunde huis. Tans is hy besig met sy meestersgraad in stedelike ontwerp aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Benewens sy verpligtinge as vennoot by Stauch Vorster Argitekte sedert 1984, dien hy ook op die Pretoria Argitektuur Vereniging (1984-85), en sedert 1990 op die Vereniging van Eiendomseienaars en hy is die voorsitter van die Oud-Affiebond. Sy gemeenskapsbetrokkenheid kring nog wyer uit deurdat hy 'n deeltydse lektor aan Tukkies is en al op die Kerkrade van Universiteitsbond en Tygerpoort gedien het.

Jeremie en sy vrou Marié, 'n interieurontwerpster en kunstenares en hul twee kinders, Cillie (11) en Phillip (7) woon op 'n plaas naby Tygerpoort.



**Boodskap aan Affies**

Jeremie is voorwaar 'n rolmodel vir elke Affie en 'n oud-Affie op wie ons trots is.

Die voorreg om by Affies te studeer het 'n geweldige positiewe kettingreaksie op leerlinge se toekoms. Gryp hierdie geleentheid aan en dit sal verseker dividende betaal. Nogtans moenie dat sukses jou lewe domineer nie en lei eerder 'n gebalanseerde lewe sonder om talente te mors. Gun jou medemens 'n kans, maar kompeteer eerlik en met deeglike voorbereiding.

Die rol wat oud-Affies gespeel het in ons samelewing, kan nie te gering geskat word nie. Beskou dit as 'n toevallige voorreg om in hierdie geselskap geskool te word en ry eerder op die rug van jou eie sukses.

Affies speel 'n leiersrol in Pretoria en die taak rus op julle skouers om dit met integriteit en deernis te volvoer.

Groete en geniet die vakansie.



*Igmon Becker help koshuis afbreek ... Die bouwerk aan die nuwe koshuis en opgradering van die personeelakkomodasie beloop R2,3 miljoen rand. Vanweë die groot toename in die leerlinggetalle, sal daar nou vir nog 130 Affies koshuisverblyf beskikbaar wees vanaf 1 Januarie 1994.*

### Geskiedenis-olimpiade

**Pierre Lombaard en Cornel Pretorius is onder die eerste 50 wenners in die landswye Geskiedenis-olimpiade.**

### Vierskole konsert


**Moenie hierdie een misloop nie!**
**By Affies.**
**21, 22 en 23 September.**

## Te Koop

**Oud-Affie gholfhemp: R45**

**Affie-das vir oud-Affies en ondersteuners: R50**

**Kontak:**
**Con Purchase by Affies.**



*Cornel Stander, Kepler Geertsema, Pierre Lombaard en Lou Hoffmeyr die standerd tien A+-redenaarspan.*

# *Besoekers aan Affies*




*Dr NA Coetzee van die Genootskap oud-Pretoria Tuinboukompetisie oorhandig die sertifikaat vir ons tweede plek aan dr Edwards.*



*Kepler Wessels, Krieketkaptein.*



*Dr Edwards en mnr Bill Schröder (hoof, Boys' High) gesels vóór die groot kragmeting.*



*Dr Ken Paine, Direkteur van Onderwys, is altyd 'n welkome gas by Affies.*



*Dr Edwards, prof Rena Pretorius en juf Venter tydens die Republiekfeesvieringe. Prof Pretorius het ons kosbare Moedertaal Afrikaans besing.*

## Affie-Gholfdag

## Dinsdag, 12 Oktober 1993

## DIENSTE GHOLFKLUB

Kom sluit aan by AFFIE-ONDERSTEUNERS en geniet ons jaarlikse gholfdag.

Die gholfdag is ter stuiwing van fondse vir die skool en is 'n beterbalkompetisie.

Inskrywingsfooi is R50,00 per speler. Halfweghuis en drankies is vir u eie rekening. Warm bredie sal tydens die prysuitdelingsfunksie bedien word en is ingesluit by u inskrywingsfooi.

Borgskappe per bof en per putjie word gevra. Koste is: R250,00 per bof en R250,00 per putjie of R400,00 vir die twee tesaam. Baniere en advertensies kan vertoon word by elke bof of putjie wat geborg word.

Aangesien daar beplan word om 'n groot aantal pryse toe te ken word u vriendelik gevra om die geleentheid op verskeie wyses te steun deur:

- in te skryf en saam te kom speel

of

- borgskap

of

- verskaffing van pryse of donasies vir pryse

**Kontakpersone:** Andrea Stapelberg, Tel: (012) 46-6226/7 kantoorure, Nico van Wyk, Tel: (012) 87-2992 na ure.

Gholfgroete

NICO VAN WYK

Sameroeper: Gholfreëlingskomitee

# Junior Rapportryers Debat

— J Murray van Schalkwyk

**Drie Affie-spanne het aan die jaarlikse Junior Rapportryer Debatskompetisie deelgeneem. Die debatteerders was: Pierre Lombaard en Lou Hoffmeyr; Murray van Schalkwyk en André du Plessis; Jan-Hendrik Beetge en Jacques Malan.**

Die matriekspan eindig tweede en die ander twee spanne wen hul debatte.




# Nog 'n eerste by Affies

## ACSV-saamtrek 'n reuse sukses

**Donderdag, 27 Mei 1993 was 'n geskiedkundige dag vir die ACSV by Affies: die eerste reuse-saamtrek in die skoolsaal. Diegene wat gedink het dis droog om 'n Christen te wees, is sommer van die begin af verkeerd bewys toe die saal vroeg reeds volgepak was.**

Die program het ook nie teleurgestel nie, en veral die drama was treffend. Ds Jan Steyn se praatjie is voortgesit deur Willie van Aardt (Matriek 1990) en Paul Schutte (Hoofseun 1990). Hulle het aan almal die geleentheid gebied om hulself opnuut aan Jesus toe te wy, wat deur baie kinders aangegryp is.

Die hoogtepunt van die aand was natuurlik die samesang van die sowat 350 kinders, wat weereens gewys het 'n mens kan jonk wees en steeds Affie-ACSV se leuse joune maak. "Ek skaam my nie vir die evangelie nie, want dit is 'n krag tot redding vir elkeen wat glo" (Rom 1:16).

# Redaksie '93

**REDAKTEUR: Richard Franklin**
**SPORTREDAKTEUR: Albert van Niekerk**
**KULTUURREDAKTEUR: Cornel stander**
**VERSLAGGEWERS: Richard Butler, André van Vuuren, Rudolf Böhmer, Pierre Lombaard, Arno Coetzee, Theo van Wyk, Christiaan van Dyk, Jaco van Niekerk en al die ander.**
**SPOTPRENTTEKENAARS: Tienie van Rooyen, Johan Storm, Andreas Laubscher.**
**FOTOGRAWE: Nicci Louw, Danie Bredenkamp, David Louw, Coenie de Villiers, Marcel Auret, Hendrik van den Bergh.**

# KULTUUR... KULTUUR... KULTUUR... KULTUUR...

## KULTUURVROU VAN DIE KWARTAAL
## - Sonika Mentz -

**Sonika is 'n veelsydige mens met belangstelling wat strek van klassieke musiek tot jazz. Sy sing koor, speel in verskeie orkeste, speel skaak, dien op die leerlingraad... en is by almal bekend met haar kontrabas!**

Volgens Sonika was die volgende hoogtepunte in haar kultuurloopbaan: sy verteenwoordig Noord-Transvaal by die Suid-Afrikaanse skaakkampioenskappe van st 3 tot st 8 en word reeds in st 6 die Suid-Afrikaanse dameskampioen. Sy hou reeds die afgelope vier jaar hierdie titel. Sy wen ook verskeie toernooie in die tyd. Sonika is natuurlik die kaptein van ons eie skaakspan!

Haar musiekloopbaan begin vroeg reeds en sy vorder tot by Unisa graad 7-vlak met klavier. In st 6 begin sy kontrabas speel en is sedert 1990 'n lid van die TOD-Jeugorkes. Sy het hierdie kwartaal weer eens die TOD-kultuurfees bygewoon. Vanaf 1991 tot 1993 woon Sonika die Nasionale Jeugorkeskursus by. Sy was reeds lid van die konsertorkes en is later ook gekeur vir die Nasionale Jeug Simfonie-orkes — 'n groot onderskeiding.

Sonika doen ook begeleiding vir Affies se koor asook ander kore. Na matriek sou sy graag oorsee wou gaan — die Europese toer wat sy in 1991 as Hoërskool Wonderboom se begeleidster meegemaak het, was volgens haar 'n belewenis.

Sy sê self: "Ek leef van jazz en klassieke musiek. Is dit nie vreeslik nie?" Musiek is seker die belangrikste deel van haar lewe. Daarom is haar leuse: "Maak musiek met jou hart en nie met jou verstand nie. Maar eintlik is dit hoe 'n mens alles moet doen — met die hart en nie met die verstand nie: dis soveel makliker!"




*Sonika Mentz — iemand om na op te sien.*

Haar grootste ideaal? "Die dag wat ek kan jazz speel soos Oscar Peterson, kan ek maar doodgaan!"

Stroom-Op wens Sonika alles van die beste toe op die pad vorentoe ... En wie weet? Dalk word daardie droom nog bewaarheid!

## Matriekrevue
**— Melanie Riding**



*St 10 beskermengel — werkloos*



**Wat het Boerneef, Broadway, broodpoeding en baklava in gemeen? Almal was te vinde by die jaar se kultuurhoogtepunt — die Matriekrevue.**

Net minder as twintig aktrizes het onder die bekwame leiding van mev van Schalkwyk en kie gesorg vir die komedie van die Matriekjaar op die verhoog. 'n Legioen ma's en nog matrieks het gesorg vir tafels en nogmaals tafels vol heerlike poedings. Of die stampvol saal gelok is deur die poeding, port of pons, is 'n raaisel, maar weens die entoesiastiese ondersteuning was dit 'n baie kleurvolle geleentheid.

Die opvoering self was hoogs amusant en Therese Westhof, die feetjie, moes 'n paar potensiële verleenthede ontlont. Anja de Muelenare verdien vermelding — min mense kan hulle "pose" só hou wanneer 'n aantal histeriese Broadway danseresse probeer om 'n protesterende klavier van rigting te laat verander.

Baie geluk aan almal wat by hierdie produksie betrokke was. Dit was báie vermaaklik en 'n pragfunksie!




# Std 9 Poetry Evening

**— Jacoba Schutte**

**Wat 'n plesier! Ja, dit gaan weer een van daardie onobjektiewe tranetrekkerige lofsang-en-duifie-berigte wees. Maar voordat jy omblaai na die "Sportheld van die kwartaal", wees net 'n bietjie geduldig terwyl ek die "Std 9 Poetry Evening" en hulle kerrie-en-rys besing.**

Ek is lanklaas so aangenaam verras: oorspronklike temas, vrolike kostuums, inspirerende poësie en visuele treffers. Mev Wyer en haar st neges het hulleself oortref! Professioneel is nie die woord nie! Eintlik kan ek vir ure — altans bladsye — oor ons voortreflike st neges, hul nog meer voortreflike juffrou en hulle kerrie-en-rys aangaan (meestal oor hulle kerrie-en-rys) maar dan sou ons 'n kleiner foto van die sportheld moes plaas. Hier volg dus 'n kort opsomming van die algemene reaksie op die aand: Bravo! Nog! Nog!










Dit is natuurlik so dat 'n matriek nie te veel goeie dinge oor st neges kan skryf sonder om ongemaklik te voel nie. Dus moet ek ons nimlike matriekbeoordelaars darem noem. Baie dankie dat julle julle moeilike taak met soveel grasie uitgevoer het. Nogmaals geluk aan: "Women, if the box fits, wear it!", "The incantation of your fears" en "Joyful noise festival".

Nogmaals bravo!

# *Die Krüger-kwartet*


**— Wenette Jacobs**

**AHM was nog altyd gereed om 'n tenoor in die koor te verwelkom.**

As gevolg hiervan is Christie 'n aktiewe koorlid. Ons wil mev Krüger se nuwe babadogtertjie met haar skril sopraanstemmetjie ook baie welkom heet in ons midde. Ons hoop ons sal die Krüger-kwartet — pa, ma, boetie en sussie (almal geesdriftige musikante) — gou in aksie kan sien!

# Republiekdag 1993

**— Annelet Jordaan**



*Op die Republiekdagfeesvieringe: "Wie het die tou geknoop".*

**Soos al die vorige jare van 1961 af, het Affies weer hierdie jaar Republiekfees gevier. Die feesvieringe het tradisioneel by AHS plaasgevind en dit is deur AHM se Historiaklub aangebied.**

Die seuns het weer alles met dawerende applous begroet — ook Franél wat die skriflesing en gebed waargeneem het.

Die Voortrekkers het die vlaghysing waargeneem. Prof Rena Pretorius se treffende boodskap het gehandel oor die geskiedenis en toekoms van Afrikaans in Suid-Afrika. Almal (en veral die seuns) het haar met 'n hartlike handeklap bedank (en kortgeknip). Die Historiaklub se item "Saam in Afrika" het welkome afwisseling gebring en die program is afgesluit met die sing van Die Stem. (Die seuns het dit hierdie keer nie opgevolg met 'n atletiekkreet nie).

Ons weet nie hoe lank Republiekdag nog amptelik gevier sal word nie, maar as dit van Affies afhang, sal dit weer volgende jaar plaasvind — al beteken dit vir die meeste mense net 'n ekstra vakansiedag.

# Koorkaskenades — Klank en Kerslig

**— Wenette Jacobs**

**Die AHM-koor is nie (soos sommige ander kore) in die bevoorregte posisie om deur die staat gesubsidieer te word vir ons oorsese toer in Desember na Israel en Egipte nie!**

Die Affies laat hulle egter nie onderkry nie en is entoesiasties besig om fondse in te samel. Die Klank en Kersligfunksie van 23 April was veral 'n uiters geslaagde geleentheid.

Te danke aan tientalle gasvrouens, was die tafels in die skoolsaal kleurvol gedek en is watertanddisse bedien. Die atmosfeer sou as gesellig beskryf kon word ten spyte van die feit dat die gasvrouens moes beurte maak om hulle kos op te warm danksy die sensitiewe elektriese stelsel. Die gaskunstenaars en die koor het die geleentheid ook opgehelder.

'n Baie interessante wynveiling is as 'n laaste lekkerte aangebied. Met vurige ondersteuning van hulle dogters het die pa's groot somme geld op die bieëry van wyn spandeer. Ek hoop die dogters is darem vir hulle moeite beloon met 'n SLUKKIE wyn SONDAG aan tafel!

## Afrikaans — soos gepraat deur 'n St 6


* **Definisie van 'n "gewaagde kostuum"**: *'n rakelinge kostuum;*
* **Die meervoud van "moddergat"**: *moddergaaie;*
* **Die enkelvoud van "bure"**: *buur;*
* **'n Antoniem vir "pessimisties"**: *min gespin;*
* **"Iemand wat die geldsake van 'n komitee behartig"**: *'n pasivis, die ontvanger, 'n handelsreisiger.*

# Redaksie '93:

**REDAKTEUR: Marelie dn Plessis.**
**KULTUURREDAKTEUR: Franél de Grange.**
**VERSLAGGEWERS: Hanlie du Plessis, Wenette Jacobs, Annelet Jordaan, Karin Jordaan, Elmien Kraamwinkel, Ria Potgieter, Melanie Riding, Jacobs Schutte, Therese Westhof.**
**SPOTPRENTREDAKTEUR: Annelene Kammer.**
**FOTOGRAWE: Karin Zeeman (hooffotograaf) Nadine Bober, Leani de Kock, Marleen Zarrabi.**




# AFRICA'S BIG FIVE




## NOW MEET NO. SIX & SEVEN

(THE DEADLIEST OF THEM ALL)





**PROTECT YOUR FAMILY WITH DARACLOR**








# HUMOR... HUMOR... HUMOR... HUMOR... HUMOR...






## "Die goeie ou dae" — kompetisie ...

Nog 'n kompetisie! Pas die regte naam by die foto en jy kan fliekkaartjies vir twee wen! Nu Metro van Hatfield het sewe dubbelkaartjies geborg — ondersteun hulle gerus die vakansie!

Die kompetisie werk nes laas kwartaal. Die klaskapteine bring asb die vormpies sou gou as moontlik na mej Visser se klas!

**Name:**
- Mev du Toit
- Mev van Schalkwyk
- Mev Jessen
- Mev van Straaten
- Mej Visser
- Mej Venter



*"Watter dieet volg jy?"*

## Die Stroom-Op "Bitterwater Toekennings"

**(Vir juffrouens wat die '93 matrieks kon oorleef...)**

— Mev Jessen ontvang 'n "Rescue 911"-eremedalje vir haar volgehoue pogings om Elmien Vorster positief in die Biologie-klas te betrek.

— Mej Vink ontvang 'n klaar-bespreekte plek in die Nuwe SA geborg deur die "Winnie Mandela Foundation", vir die uitmuntende manier waarop sy Riëtte Botha se vrae en Hester Steenkamp se opmerkings hanteer.

— Mev Van Straaten kry 'n paar rooi "tap dance shoes" omdat sy die matrieks se denke "geshakespearieseer" het en party nou selfs weet dat Romeo en Juliet nié in die Victoriaanse tyd geleef het nie.

— Mej Visser ontvang 'n "I love my mom-bumper sticker" omdat sy dikwels haar lewe in gevaar stel om die matrieks mooi te leer bestuur.

— Mev Muller kry 'n groot, pienk teddiebeer omdat sy altyd sê sy gaan die matrieks mis en omdat sy nooit kla as ons in taalleer slaap nie.

— Mev Van Schalkwyk kry 'n vakansie vir twee in die "Lost City" (feëtjieland?!) vir al haar inisiatief en moeite met die matriekrevue.

— Mev Burger ontvang 'n kant sakdoek (waarmee sy die wiskunde van die matrieks se magies moet afvee) vir haar volgehoue poging om die wiskunde meer verstaanbaar en "pragtig" te maak.

— Mev du Toit ontvang 'n 60W-neongeel gloeilampie omdat sy daarin geslaag het om stroombane vir matrieks te laat sin maak.

## *Hulle het gesê ...*

* Mej Vink: Vir elke twee Afrikaners is daar drie standpunte.

* Shakespeare:
"What's in a name? A rose by any other name would smell just as sweet!


* Mev van Straaten nav Shakespeare: "Really girls, I don't think "Juliet and Ikabod" would have been the same."

* Desperate matriek: "So much to do... so little time.. so who cares?"

* Verskrikte st 6 voor saalopening: "As daardie juffrou nog een keer met my in Engels raas, antwoord ek haar in Noord-Sotho!"

* Mej Vink (weer eens — sy praat nogal baie): As 'n Rus 'n goud op die Spele gewen het, het die regering vir hom 'n tweeslaapkamerwoonstel gegee en rolle "two-ply" toiletpapier.

* Elmien in die geskiedenis klas: As jy in SA kan oorleef, kan jy maar in Bosnië gaan vakansie hou!



*Matriekwiskunde se 'cos-reël sê: "Stress$^2$ = swot$^2$ + deurnag$^2$ — 2 (TV) x kos B (baie).*

## Stroomlangs

* Stroomlangs het uitgevind dat 'n sekere Afrikaansonderwyseres na 'n jolige studentekamp 18% vir 'n Sielkundevraestel gekry het. Haar naam mag weens etiese redes nie bekend gemaak word nie, maar leerlinge word gewaarsku om nie kamer 20 met 'n sielkundige se spreekkamer te verwar nie.

* Spioene berrig dat matriekonderwyseresse tans besig is met sielkundige oorlogvoering. Daar is glo op st 10-leerlinge se gevoelens gespeel om nie aan die matriekrevue deel te neem of sokkies by te woon nie. Moenie vrees nie, matrieks — hulle is slegs besig om julle uithouvermoë (vir julle getuigskrifte, natuurlik!) te toets.


* Hoe is dit moontlik dat 'n matriek gewoonlik presies twee uur nadat daar op 'n tema vir die matriekafskeid besluit is, verneem wat die tema is? Dit neem hierdie een matriek dan ongeveer vyf minute om die hele matriekklas daaroor in te lig. Wie het die radio of televisie nodig?

* Daar word verneem dat Ciska Blignaut gevra is om die kulkunstenaar, Martino, se plek op GMSA in te neem. Sy het mev Geldenhuys en haar klasmaats verstom met die vinnige verdwyning van 'n ongewenste oorbel.

* Verspreiders sê dat mev du Toit onlangs gedreig het om vir Stefanie Prinsloo se ma die "regte" rede te vertel as Stefanie nie 'n onderskeiding vir Skeinat behaal nie — waarop Stefanie natuurlik diep rooskleurig gebloos het. Nou wonder Stroomlangs hoe weet mev Du Toit van die sogenaamde "rede". Is dit dalk omdat Stefanie haar naam as Stefanie le Roux op haar vraestel geskryf het?


* Stroomlangs se spioene sê dat, na Marie-Louise se voorbeeld op die matriekbal, baie matrieks nou met nuwe oë na hul kortbroeke (en skale!) kyk. Is hier dalk nou 'n nuwe gier vir die matriekafskeid aan die ontwikkel?

* Stroomlangsverspieders het verneem dat juf Vink onlangs 'n opmerking oor 'n baie hoë amptenaar (baie, baie hoë) en 'n krokkedil gemaak het. Die verspieders verneem ook dat sy nou eers alle leerlinge se familiebande gaan naslaan het...



# ALGEMEEN ALGEMEEN ALGEMEEN

## Veldskool Logika



**Die st 8's se onlangse besoek aan die veldskool Pelgrimsrus het hulle baie nuwe kennis laat opdoen, wat hulle graag met julle wil deel. Bewys die volgende:**

1. Een kat het drie sterte.

Almal weet geen kat het twee sterte. Maar een kat het 1 meer stert as geen kat. Dus as geen kat twee sterte het, het een kat een meer nl 3 sterte!

2. 'n Bal wat na 'n muur gegooi word, sal die muur nooit tref nie.

Voor die bal die muur kan tref, moet hy eers die helfte van die afstand na die muur aflê. Sodra hy dit afgelê het, moet hy eers die helfte van die afstand wat oorbly, aflê. Sodra hy dit afgelê het, moet hy eers die helfte van die afstand wat dan oorbly, aflê. So sal daar dus altyd 'n helfte oorbly om af te lê, en sal hy die muur nooit kan tref nie.

**— Amir Zarrabi**

# Die Affie-Stapklub

**— Ludwig Marx**



*Oorwinnaarsvreugde!*

**Voetslaan is een van die snel groeiendste sportsoorte in Suid-Afrika, en volgens die Affie-Stapklub, die gewildste.**

Verskeie staproetes word deur die kwartaal aangepak, en 'n nuutjie is lesings deur die Noord-Transvaalse Stapvereniging.

Affies was nog altyd baanbrekers, en die Stapklub is geen uitsondering nie. Gedurende die Julievakansie word 'n roete in Swaziland beplan — die eerste keer wat 'n buurstaat deur die klub besoek sal word.

Met reg sing ons stapklublede: "As ek moeg word die lewe in die stad, lok my die wandelpad...!"



# Veldskool

**Dou voor dag het die drie busse van Concordia Toere om 'n lewenslustige groep st 8's van die Hoërskool Alphenpark, Pro Arte en natuurlik ons eie bondel energie: Afrikaanse Hoër Seunskool na die Veldskool op Pelgrimsrus te neem. Die gesprekke tydens die ses ure lange rit, het getuig van pure opgewondenheid.**

Elke dag was uniek. Die avontuur het reeds met die eerste intrapslag begin, die kopkrapper van 'n Letteriabaan. Letterlik elke breinsel moes ingespan word vir hierdie byna onbegonne taak. Die wagwoord was sekerlik kalmte, kophou en spanwerk. Dan was daar ook vele dinge waar breinkrag egter nutteloos was en 'n duikpak baie handiger te pas sou kom soos in die driekamp en toutrek.

In die aande het almal, met vol mae, uit volle bors saamgesing en behalwe vir 'n paar vals note, sou selfs die Drakensbergse seunskoor koud gesit gewees het. Van "Haak Vrystaat, haak" tot by geestelike liedjies.

Die insiggewende paar dae het 'n hoogtepunt



bereik met die Avontuur- of Hindernisbaan. 'n Strawwe roete oor brûe, toue, klippe, modderplasse, glybane en 'n yskoue rivier het die veldskool tot 'n einde gebring.

Moeg, uitgeput en sommige geskok, het ons teruggekeer na die Jakarandastad, met genotvolle herinneringe, meer lewenswysheid, nuwe vriende en 'n begeerte na ma se kos!

## Uit die mond van 'n suigeling

**— Jackie Kruger, Francois Cillie, Johandries Combrink**


**Groot, donker, maar beslis opwindend kruip die reuse sokkiemonster vir die eerste keer op die standerd sessies af. Wat moet hulle verwag? Dis die soort ding waarteen hulle ma's hulle nog altyd gewaarsku het!**

Flitsende ligte, sielsversengende musiek en baie dansende jongmense (veral die meisies) het hulle laat rondmaal en rondskud in die bedompige grot waarin die monster woon. Maar, dit was nie lank nie of elkeen het sy eie skud-, hop- en rukpatroontjie uitgewerk en sweet hulle hulle "dirty dancing" tussen al die ander geskeurde jeans, uithang hemde- en natuurlik die 'minis' en 'pencil skirts', wat die hele saal deur wemel, uit. Ja ... dít was die goeie ou eerste keer ...

Maar nou! As Voltage 2000 sy watts en desibles oor Affieland uitgiet, die grot van genot vol lewe is, en jy tussen die flitsende ligte deur die gesigte van jou tydgenote sien, is daar net een ding te sê: Dít is die lekker lewe!

# Uit die perd se ...


Mev le Roux: "... sê vir hom ek slaan hom dood."
Mev Ferreira: "Junior het my alweer uit die slaap gehou."
Mev Saayman: "I'm very disappointed in you, class". "You are very disobedient".
Mnr Theron: "In my swaer se slaghuis..."
Mev Stoffberg: "Wanneer sal julle die werk klaar hê?
Mnr Nel: "Have you noticed when you enter a lift..."
Mnr Wright: "Ek sê weer.."
Mnr Du Plessis: "Maar ek het nie 'n saak nie."
"Gee net vir my die voorblad."
Mnr Oosthuizen: "Om terug te keer na die springbokkies en die dinosours..."
Dr Edwards: "Ek dink dis die begin van 'n wonderlike nuwe tradisie."
Mnr Visagie: "Seuns, dit is nou vir my 'n aangename voorreg..."
Mnr Kriek: "Aahh, my vriend Stipp!!"
" 'n intinsiewe aanvoeling vir die limietbegrip..."




*Small things ... onthou*

# *Dramaklub*

**— Jackie Kruger**



**Die dramaklub is 'n prestige klub (jy móét 'n leerling aan AHS wees) en dit bied leerlinge ook die geleentheid om 'n wye verskeidenheid van die teaterkunste by te woon.**

Opera, ballet, jazz, toneel, rolprente ... kortom, enige iets wat met die teaterkunste uit te make het, word hier aangebied.

Die klub besoek elke jaar talle produksies soos bv As die kat weg is, Don't dress for dinner, Romeo and Juliet, Small talks en baie, baie meer.

Stroom-op het van die klublede gevra om hulle menings te lug — "Radikaal!", "Dit brei jou kultuuragtergrond uit, bv die Van Aardes se 'Kux' seep", "... en goed soos Paul Slabolab, Slabolep ... Aag!"

Mnr Nel, die koördineerder van die klub, wag vir jou in K21. 'n Besoek aan die Staatsteater se 'backstage' word ook in die vooruitsig gestel. Die lede sal hier op 'n begeleide toer geneem word, waarin klank, dekor, spesiale effekte gedemonstreer gaan word!

Verder word daar ook beplan om na die eenmanbedryf 'Jeeves takes charge', waarin ses rolle deur 'n enkele persoon vertolk word, te gaan kyk. Die video-aand: 'Bring kombers en koppie', wat in die mediasentrum gehou gaan word, lê ook nog êrens op die agenda. Kunsrolprente soos 'Cinema Paradiso' sal vertoon word.

Waarvoor wag jy nog ... "Hierdie geleentheid bied hom slegs een keer in 'n leeftyd" (Elizabeth Eybers)

# PLAN X
## Die standerd nege geldinsameling

**— Quentin Harley**

**Ewe skielik, en sommer van nêrens af, het rosyntjiekoeke (chalcy buns), ringkoeke (dough-nuts), roomyse, worsbroodjies en talle ander eetgoed weer oor pouses beskikbaar geraak.**

Die laaste halfjaar het uiteindelik aangebreek, en die groot wedloop teen tyd (en geld) wat die standerd neges aandurf vir die matriekafskeidsfonds is in volle gang. Maar, ten spyte van die ywerige projekte wat aangepak word, sal sekere klasse nie hulle minimum bedrag betyds (teen hierdie tempo in elk geval) bereik nie. Daarom is dit van die algemeenste besprekingspunte in standerd nege registerperiodes en "Manne, ons sal nou moet oorgaan na plan X!" wat ookal dít is! word gehoor.

Die geldinsamelingsvoorstelle is legio. Sekeres wil gaan blikskud met "Save the Rhino"-blikkies, terwyl andere banke wil beroof en nog andere 'n bierjtuin in skooltyd wil begin. Sommige wou uitgangsfooi vra wanneer hulle na Boys' High weghardloop, en dan was daar ook 'n voorstel dat ons 'n onnie se motor uitloot, maar dat hy of sy die eie kar moet terugwen met die "loting"! (bv die bleekblou ... taxi).

Dan was daar ook die eerliker voorstelle, soos biltong- en koffieverkope, boeredrag na die Boys' High weghol toelaat (met 'n klein fooitjie gepaard, natuurlik), kermisse ens ens, maar baie min was werklik realiseerbaar.

Maar een ding moet julle onthou, standerd neges, hoe langer julle dink, hoe minder kan julle doen. De Oude Koning het immers geskrywe "Beter één vuurpijl in luch dan tien in de kast". Laat julle dan begin met die uitvoer van plan X.



SPORT ... SPORT ... SPORT ... SPORT ... SPORT ... SPORT ... SPORT ... SPORT

# Netbalspeelsters van formaat!

— Elmien Kraamwinkel

**Soos die senior A-netbalspan reeds vroeg in die seisoen aan ons uitgespeel het (letterlik én figuurlik), wás hulle 'n span om mee rekening te hou en alhoewel elke ander netbalspeler bygedra het tot 'n suksesvolle netbalseisoen was dit in besonder dié span en die o/16 A's wat uitgeblink het met hul puik spel. Van hul vier liga-wedstryde het die senior A's twee net-net verloor en die o/16's slegs een.**

Hierdie prestasies het egter nie vanself gekom nie. Lang ure op die baan, 'n toer Durban toe, kursusse in Rustenburg en die oneindige toewyding en motivering van afrigters het alles bygedra tot goeie en genotvolle wedstryde.

Behalwe vir hul uitstekende spel in hul onderskeie spanne is vier van ons speelsters ook gekies vir die Noord-Transvaal span. Suzaan Myburgh was egter genoodsaak om haar plek op te gee na 'n blindedermoperasie. Die ander drie is Liezle Vlok (hoofdoel), Riëtte Botha (verdediger) en Karla Germishuis (senter vir die o/15 span).

Affies kan voorwaar trots wees op hul netbalspeelsters!



*Die eerstes wen Waterkloof — ongelukkig nie 75-6 nie!*

# En garde! Hier kom Emrie!

— Marelie du Plessis

**Emrie de Wit is onlangs vir die Noord-Transvaalse o/20 skermspan gekies. 'n Span bestaan uit 3 lede, waarvan Emrie die enigste skolier is. Emrie is ook saam met nog twee Affies, Elmarie Bredenkamp en Adele Swanepoel vir die o/17 span gekies. Hierdie gevaarlike Affie gaan ook later vanjaar in Durban aan die Junior SA's deelneem.**

Die kompetisie werk soos volg: jy moet teen elke deelnemer skerm. Die persoon wat eerste 5 punte behaal het, wen. Die persoon wat algeheel die meeste punte het, tree dan as wenner uit die stryd.

Emrie oefen ongeveer drie maal per week by Henk van Garderen in ons gimsaal. Volgens haar is skerm meer soos gimnastiek as atletiek. Dit is 'n kombinasie van denke en spierbeheer — iets wat Emrie duidelik goed kan doen!

Emrie is nie net goed in skerm nie, sy's 'n uitstekende tjellis en speel in die TOD orkes en die Four strings kwartet.

Ons wens Emrie alles van die beste toe en weet dat sy Affies se naam hoog sal hou!



*Drie gevaarlike meisies: Emrie, Elmarie en Adéle.*

# Landloop

(Vervolg van bl 1)

Noord-Transvaal).

Die Affies wat hierdie besondere prestasie behaal het, is Carine Hattingh, Annerine Meyer en Brigitte Boardman vir die onder 15-span en Suzanne Cullen, Suzie Venter en Erika Brand vir die bo 15-span.

Die o/15's oefen elke dag onder leiding van mev Els. Die seniors oefen by hulle eie afrigters. Op Woensdae neem hulle aan die ligakompetisies deel wat eers in die derde kwartaal 'n hoogtepunt bereik. Tussendeur neem hulle aan die Noord-Transvaalse proewe deel.

Hulle moet aan twee proewe deelneem voordat hulle in aanmerking kan kom vir Noord-Transvaalkleure. Van ons affies is dit nog net Suzanne Cullen wat haar Noord-Transvaalkleure verwerf het.

In die derde kwartaal sal ons hopelik meer hoor van die hardlopende Affies wat sekerlik nog baie hoogtes sal bereik.



*Ons senior blitse: Suzanne, Suzie & Erika.*



*Ons puik o/15 A hokkiespan juig na hulle oorwinning oor Waterkloof.*



*Mev van Straaten in aksie langs die hokkieveld.*



*Erma en die st 6 Hokkiebokkies — wenners in wording.*




*Hokkie is 'n ernstige spel.*

## *Jean Els-Hoekie*

*Stroom-op wens Jean Els alle sterkte toe vir die groot geleentheid wat voorlê. Sy neem vanaf 22-28 Julie as Springbok deel aan die Wêreldspele in Den Haag, Holland.*

*Ons sien haar swem, Jean!*

# Wit Bulle



**'n Besondere eienskap van die Wit Bulle is die goeie samespel tussen die voor- en agterspelers onderleiding van Majoor Oosthuizen en Hoppelong van der Walt.**

Die gees en kameradie wat onder die spelers heers, is uitstaande en beslis 'n rede vir die mooi rugby wat gespeel word.

Die top driedrukkers onder die voorspelers is: Deon Strydom (9) en Renier Volschenk (11), en in die agterlyn: Hoffman de Beer (12) en Eric Kruger (10).

Besliste hoogtepunte sover in die seisoen was die gelykopwedstryd teen Grey Kollege wat Affies "gewen" het en natuurlik die wedstryd teen Boys' High.

Uitslae:

| AHS vs: | Punte vir | Punte teen | Drieë vir | Drieë teen |
|---|---|---|---|---|
| **a) Vriendskaplik** | | | | |
| 1. Hugenote | 20(7) | 26(26) | 3 | 3 |
| 2. HTS Middelburg | 0(0) | 17(3) | 0 | 2 |
| 3. Hans Moore | 44(12) | 14(14) | 8 | 2 |
| | | | 11 | 7 |
| **b) Toer** | | | | |
| 4. Vorentoe | 48(19) | 0(0) | 7 | 0 |
| 5. Middelburg | 29(15) | 3(3) | 4 | 0 |
| 6. Alberton | 37(20) | 10(10) | 5 | 2 |
| | | | 16 | 2 |
| **c) Vriendskaplik** Grey | 26(16) | 26(9) | 3 | 3 |
| | | | 30 | 12 |
| **d) Liga** | | | | |
| 8. Zwartkop | 14(14) | 5(0) | 2 | 1 |
| 9. FH Odendaal | 32(12) | 5(0) | 6 | 1 |
| 10. Menlopark | 23(10) | 6(3) | 4 | 0 |
| 11. Verwoerdburg 1 | 59(21) | 5 | (5) | 9 |
| 12. HTS Tuine | 46(29) | 6(3) | 8 | 0 |
| 13. Boys High | 29(7) | 9(9) | 5 | 0 |
| 14. Waterkloof | 75(41) | 6(6) | 13 | 0 |

# Bekendstelling van die Eerstespan se voorspelers

**1. Stut: Chris "Koelkashero" Hyman**

Nie so 'n "bad" ou nie, dis net dat hy die verkeerde vriende het. En soos dit 'n "forward" betaam, sit hy nie sy krag in sy min woorde nie, maar liewer in sy dade.

**2. Haker: Neels "Volksterriër" Hattingh**

H en sy meisie, Michelle, het 'n baie goeie verstandhouding, dis net jammer Michelle sit met die verstand en hy met die houding. Hy kan homself natuurlik nie onderskei tussen 'n "back" of 'n "forward" nie — wie weet miskien is dit muisneste, óf sal ek sê, Michelle-neste.

**3. Stut: Ian "Wild Bills Bouncher" Murray**

Hy is so gereeld by Wild Bill's dat hulle vir hom permanente verblyf wil aanbied. Miskien sal Corné hom regruk.

**4. Slot: Werner "Goggles" Volschenk**

Hy lewe so in Bloues se skaduwee dat hy binnekort 'n identiteitskrisis gaan beleef.

**5. Slot: Hendrik "Rabbi" Lemmer**

Lief vir die Jode (en Maretha), is ook maar 'n stil ou, behalwe vir Saterdag-aande se kuiertjies by Wild Bills. Nou weet ons hoekom hy nou nog sukkel om te katkiseer op Sondae.

**6. Flank: Renier "Bloupspringbok" Volschenk**

Is natuurlik in vervoering oor die nuwe Suid-Afrika, en die moontlike verandering van die tradisionele groen Springbokkleure na blou toe. Wie sal weet, miskien is hy nog Affies se eerste juniorbok in matriek met Larien aan sy sy.

**7. Flank: Deon "I love myself" Strydom**

John Williams se uitblinkerspeler is so besig om te bou aan sy "image" dat hy soms vergeet hy is op die rugbyveld. Hy het nie veel met meisies te doen nie wat 'n mens aan snaakse dinge laat dink.

**8. Agtsteman: Michael "Beauty and the Beast" Maritz**

Met Ann-Marie die "beauty" van die twee, is hy so vol van homself dat hy sekerlik een van die dae sy eie "Beauty Parlour" sal open om verseker te wees van 'n goeie plekkie in skoonpappie se voorskrifboekies. Maar nou ja, as ek my kop tussen die twee slotte wat ons het, moes indruk, sou ek ook seker maar 'n paar van my pitte verloor het, nou nie dat hy veel het nie!

# Affie-skiet: vier Affies presteer


— Slomo van Dyk

**Vier Affies het verdienstelik presteer tydens die proewe en het vanaf 2-6 April in Bloemfontein aan die Suid-Afrikaanse kleingeweerkampioenskappe deelgeneem.**

Leon Nel en Riaan Boonzaaier is saam met Anne Stols (wat 'n vierde plek behaal het) en Angelene Strydom (agste plek) gekies. Anne het haar Noord-Transvaal kleure verwerf.

Die Springbokproewe is van 19 tot 23 April in Bloemfontein gehou, waar Anne 'n 21ste plek behaal het.

Affies wen groep ses van die Skole-Bisleyliga, en die junior- en dogterspan kwalifiseer ook vir die finale wat op 11 Junie gehou is. Uitslae in die volgende uitgawe van Stroom-Op.



# ... en agterspelers

**9. Skrumskakel: Hendré Geyser**

Hendré "Cool in the gang" Geyser is Affies se eie Robert du Preez. Hendré moet nog besluit of hy meer van 'n rugbytoets of van sy Roamer skoolskoene hou. Hendré lyk asof die Doggie Parlour nou net sy poedelhaartjies mooi gesny het.

**10. Losskakel: George Heuer**

George "Bantula" Heuer is maar 'n ou "softie" wat baie maklik seerkry. George is groot vriende met Zwartkop se skrumskakel. George koop motoralarms van die geld wat ons vir "Sweaters" betaal. Wanneer kom ons "sweaters", George?

**11. Linkervleuel: Jakkie van der Walt**

Jakkie van der Walt met die wittrui, lyk soos 'n skoongewaste merinoskaap. Jakkie se prooi is st 8-meisies. "... die mannetjie". Hy is "a gift to women on earth."

**12. Binnesenter: Grant Esterhuizen**

Grant "Bruce Lee" Esterhuizen is onder sy spanmaats bekend as soutstring. Grant het baie sensitiewe enkels en dra hierdie juppie aircasts.

**13. Buitesenter: Hoffman de Beer**

Hoffman "Campo" de Beer is ook bekend as "Magic", Sugar Ray of James Small. Hoffman is onderkaptein en lei sy manne as hy binnetoe breek. Hoffmann is ook 'n breker van formaat. Sy vriende wonder wat het van die "ou Hoffmann" geword. Hulle mis hom.

**14. Regtervleuel: Eric Kruger**

Eric "Ghrieskuif" Kruger. Skaam Eric is nie werklik 'n haan onder die henne nie. Hy trek egter wel die st 6-meisies se aandag. As ek sulke bene gehad het, sou ek eerder met 'n rolstoel oor die weg kom.

**15. Heelagter: Dirkie Strydom**

Dirkie "anaconda" Strydom is die Neanderthal vrou se droom. Hy is die "Missing Link".

## Sasol-Ranglys

**Ranglys van die beste 20 atletiekprestasies in die 1993 atletiekseisoen. (Een per atleet)**


| Plek | Naam | Item | Oud. | Poging | Byeenkoms | Sasol-punt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Riaan Olckers | GS | O/16 | 16,21 | N-Tvl Kampioenskap | 1095 |
| 2. | Francois Strydom | 1500mH | O/17 | 4.16,5 | SA Kampioenskap | 1060 |
| 3. | Martin van der Walt | 80mH | O/14 | 11,6 | Interhoër | 1030 |
| 4. | Werner Booysen | 100mH | O/15 | 13,85 | Direkteursfinaal | 1020 |
| 5. | Christiaan vd Watt | 800m | O/15 | 1.58,9 | Sasol Uitdunne | 975 |
| 6. | Chris Jv Rensburg | 80mH | O/14 | 11,8 | N-Tvl Kampioenskap | 970 |
| 7. | Grant Esterhuizen | VS | O/17 | 7,02 | Roodepoort | 950 |
| 8. | Lourens Visser | 300mH | O/16 | 40,25 | Direkteurs | 950 |
| 9. | Gerhardt Möller | 100mH | O/15 | 14,23 | Sasol Finaal | 935 |
| 10. | Richard Butler | 800m | O/19 | 1.53,2 | Sasol Finaal | 925 |
| 11. | Graham Esterhuizen | 100m | O/19 | 10,99 | Direkteurs | 900 |
| 12. | Dirkie Strydom | DS | O/17 | 13,51 | Sasol Finaal | 895 |
| 13. | Albert v Niekerk | SG | O/19 | 59,44 | SA Kampioenskappe | 885 |
| 14. | Hennie Botha | 800m | O/17 | 1,56,2 | Sasol Finaal | 885 |
| 15. | Werner Boshoff | 200m | O/16 | 22,8 | Interhoër | 880 |
| 16. | Hendré Geyser | HS | O/19 | 2,00 | Tuis W en GM | 880 |
| 17. | Theo van Wyk | 800m | O/19 | 1,54,9 | Direkteurs | 880 |
| 18. | Reichard Snyman | 1500m | O/14 | 4,34,6 | Interhoër | 870 |
| 19. | Michael Maritz | DG | O/19 | 47,46 | Sasol Finaal | 870 |
| 20. | Servaas Britz | 400m | O/17 | 50,0 | Interhoër | 870 |

# Affies oorheers Noord-Transvaal Tennis

**Sewe van die dertien Noord-Transvaal Skole Tennisspanlede is Affies. Twee Noord-Transvaal Skole Tennisspanne gaan aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Oos-Londen deelneem.**

Noord-Transvaal het dié kompetisie in 1991 en 1992 gewen.


Vyf uit die ses A-span tennisspelers is Affies: Jaco Keyser, Kolie van Zyl, Kevin Delport, JP van der Walt en Christiaan Pieterse. Ivor Savage, Nicolaas Alberts en Richard Butler is vir die B-span geskies.



# SPORTSTERRE

### PAALSPRING

Johan Aucamp het Noord-Transvaalkleure vir paalspring verower vir sy eerste plek op die Noord-Transvaal Atletiekbyeenkoms en 'n vyfde plek op die Suid-Afrikaanse Atletiekbyeenkoms.




### SKERM

Marcus Norden is vir die Noord-Transvaal Skermspan gekies om hul op die Suid-Afrikaanse Skermkampioenskappe op 10 Julie in Durban te verteenwoordig. Marcus sal in die kadet (O/17) en junior (O/20) skermspanne wat elk uit drie lede bestaan, sy skerm moet ken.



### LANDLOOP

Wynand Schoeman is op die proewe te Rustenburg gekies om die Noord-Transvaalspan op 12 Junie te Carltonville te verteenwoordig.



# GHOLFNUUS

## Martin Maritz

**Martin Maritz (st 8) het gedurende die April-vakansie weer uiteindelik in gholf presteer.**

Hy wen onder andere die Noord-Transvaal junior kampioenskap, die Fred Bell gholftoernooi in Port Elizabeth en behaal 'n sewende plek in die SA kampioenskap vir seuns o/19.

In beide die Suid-Afrikaanse Junior Meesterstoernooi en die Noord-Transvaalse Senior Toernooi, behaal hy 'n vierde plek.

In 'n onlangse interprovinsiale toernooi het Martin as lid van die Noord-Transvaalse o/23-span 'n eerste plek gedeel met Suid-Transvaal. Hy het 3 van sy 4 enkelwedstryde vir die span gewen.

# Skaak wen

**Nadat Grey Kollege 'n nederlaag toegedien is, gaan dit verder tot dusver baie goed met die skaak.**

Met nog 2 wedstryde oor is die A- en C-spanne nog onoorwonne, terwyl die D-span slegs een wedstryd verloor het.


A-span wen Voortrekkerhoogte A: 9-1; B-span gelykop teen Overkruin A: 5-5; C-span: Voortrekkerhoogte B gee punte oor.

A-span wen A-liga: AHS 52, Menlopark 48½, Boys' High 46½.

# *Onderwysers presteer!*

**Mnre Hennie Kotze en Pierre le Roux het merietetoekennings van die Noord-Transvaal Atletiekunie ontvang vir puik atletiekafrigting.**

Mnr Carel Kriek het die eer te beurt geval om Noord-Transvaal kleure vir rugby-afrigting te verwerf. Hy het die hoogste punte behaal en die Affies is trots op hom en sy intuïtiewe aanvoeling vir die limietbegrip!



# « Sportman en Sportvrou » van die Kwartaal

## Renier Volschenk



**Reeds sedert laerskooldae was Renier Volschenk, beter bekend as "Bloues" 'n bekende gesig op die sportveld. As o/10-kannetjie het hy A-span rugby en krieket gespeel. Hy was ook sy laerskool se gewigstoeikampioen en het 'n silwer medalje op Interhoër verower.**

Bloues het al in verskeie posisies op die rugbyveld uitgedraf, as losskakel, vleuel, heelagter en flank. Hy het vir die die o/13 en o/14 A-spanne gespeel en het dan reeds in 1991 sy eerste wedstryd vir die "Wit Bulle" gespeel. Sedert 1992 is hy 'n gereelde eerstespan speler en het dan ook Noord-Transvaalkleure vir rugby ontvang.

Die afgelope seisoen het sy rugby van krag tot krag gegaan, sy spel hou groot beloftes vir die toekoms in.

Bloues is ook 'n kranige krieketspeler en verteenwoordig die skool ook op die atletiekbaan. Hy het hom ook as 'n goeie leier op die Standerdraad en as prefek en koshuisprefek onderskei. Sy sosiale lewe is net so bedrywig, veral as in ag geneem word hoeveel "toelaatbare" tyd hy by die Meisieskoshuis kuier.

*Stroom-op wens Bloues sterkte toe met die Cravenweek en met sy belowende rugbyloopbaan.*

## Spele??

**- Jean Jacques Terblanche -**



— Andre J v Vuuren

**"Die verhaal van Jean-Jacques Terblanche is een van moed, veggees en deursettingsvermoë". Só, skryf Morris Gilbert in Beeld van Jean-Jacques, 'n standerd 6-Affie, wat ondanks sy gestremdheid, vir homself groot naam maak as sportman.**

Jean-Jacques het as twee-jarige die algehele gebruik van sy linkerarm verloor. Hy het egter nie dié probleem kop toe gevat nie, inteendeel, hy het homself oor die laaste paar jaar as 'n sportman van formaat onderskei.

Vanuit 'n wye verskeidenheid sportsoorte presteer hy die beste in die swembad. Hy verteenwoordig Noord-Transvaal sedert 1991 by die SA-kampioenskappe vir gestremdes. By vanjaar se byeenkoms het hy agt Suid-Afrikaanse rekords verbeter, wat hom dan ook agt goue medaljes besorg het. Voorts is hy aangewys as beste individuele swemmer, en is hy deur die Raad vir Gestremde Sport as Junior Sportman van die Jaar aangewys.

Wat sy prestasies nog soveel meer besonders maak, is dat hy in 1987, 1991 en 1993 aangewys is as een van die Top Tien-swemmers in Noord-Transvaal. Die prestasie het hy behaal des ondanks die feit dat hy teen ongestremde swemmers deelgeneem het. Hy het ook al reeds sy merk in die skoolspan gemaak.

Jean-Jacques se volgende mikpunt is om in 1996 aan die Olimpiese Spele vir gestremdes deel te neem.

Hy is met sy veggees, sportmanskap en deursettingsvermoë, voorwaar 'n Affie wat almal kan respekteer en navolg.

## Liezlé Vlok



— Marga vd Merwe

**Ek glo Liezlé het geen bekendstelling nodig nie, maar aangesien sy Stroom-op se sportvrou van die kwartaal is, het ons besluit om meer oor haar as mens te gaan uitvind.**

Liezlé hou van enigeiets waarby aksie betrokke is. Soos enige regdenkende kind hou sy niks van skool nie. Sy hou daarvan om met haar hande te werk. (Dit kom nogal handig te pas met die doelgooiery!)

Liezlé gaan volgende jaar na die hotelskool in Johannesburg om haarself te bekwaam as 'n hotelbestuurder. Hierdie instansie bied geen sport aan nie — tot Liezlé se uiterste frustrasie! Daarom gaan sy by die Randse Afrikaanse Universiteit se netbal-soelende studente aansluit.

Van netbal gepraat: het julle geweet dat Liezlé nie geweet het hoe om netbal te speel voordat sy Affies toe gekom het nie? Sy het eers in st 6 geleer speel. Haar onderwysers het egter goeie werk gedoen en Liezle het as hoofdoel vir die A-span gespeel.

Van standerd agt af speel sy vir die Oop A-span. In dieselfde jaar verwerf sy vir die eerste keer Noord-Transvaalkleure. Verlede jaar asook hierdie jaar het sy die prestasie herhaal.

Hierdie jaar neem die Noord-Transvaalse span van die vyfde tot die twaalfde Julie aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel.

Stroom-op wens Liezlé alles van die beste toe vir die toekoms!

NS: Liezlé is baie lief vir "Jellytots".

### Noord-Transvaal Cravenspelers



2. Neels Hattingh, 15. Dirkie Strydom, 13. Hoffman de Beer, 6. Bloues Volschenck en 7. Deon Strydom.



### Noord-Transvaal Ontwikkelingspan

12. Grant Esterhuizen, 3. Ian Murray, 4. Werner Volschenk en 1. Chris Hyman (weens siekte uit) en Majoor At Oosthuizen en mnr Sakkie van der Walt (afrigters).

## Die Affies kan hokkie speel!

— Ria Potgieter

**Noudat 'n groot deel van die gewone hokkieseisoen verby is, is hokkie vir die Affies nog lank nie iets van die verlede nie (en ook nie iets wat ons wil vergeet nie!)**

Al die spanne het tot dusver goed gevaar in hul onderskeie ligas. Die o/15 A's het nog geen wedstryd verloor nie en het reeds bewys dat hulle nie 'n span is wat onderskat moet word nie.

Alle oë is op die eerste span gerig wat 'n baie belowende seisoen beleef. Hulle het nog al hulle wedstryde oortuigend gewen en het 'n pragwedstryd (onder moeilike omstandighede) gespeel om Menlopark 1-0 te wen. Met tellings soos 5-0 en 8-1 in ons guns, het al die Affies rede om te juig en om met verwagting uit te sien na die wedstryde wat nog voorlê.

Ons wil die elf spelers wat vir Noord-Transvaal gekies is, gelukwens. Sterkte aan hulle wanneer hulle gedurende die Julievakansie Noord-Transvaal in toernooie regoor die land gaan verteenwoordig.

Die volgende spelers is vir Noord-Transvaal gekies: Seniors: A-groep — Riëtte Laas, Marleen Zarrabi, Anél van Niekerk, Hester Steenkamp, Suzanne Cullen, Elmien Vorster.

B-groep — Minette Ferreira, Magdel Gerdener, Stephanie Maree, Erika Brandt. O/16's — Tanja van Niekerk, Nadine Booth.

Namens al die Affies wil ons die eerstes en die o/15's alle voorspoed toewens. Ons hoop ons gaan baie hokkieballe in die opponente se doelhokke hoor klap! Ons sien julle wen en wen en wen!



## Dirk presteer in vyfkamp

— J Murray van Schalkwyk



**Dirkie Strydom het nie bekendstelling as kranige sportman nodig nie.**

Gedurende die Noord-Transvaalatletiek-kampioenskappe neem hy aan die vyfkamp vir seuns o/19 deel en behaal 'n uitmuntende eerste plek.

Die vyfkamp behels o.a. die 200m, spiesgooi, verspring, diskusgooi en die 1 500m. Hy presteer as volg: 200m — 22,5 sek; Verspring — 6,36m; Spiesgooi — 41,70m; Diskusgooi — 35,96m; 1 500m — 5:08.

Volgens die Sasol-tabel behaal hy 3 038 punte. Kort daarna word hy na die SA-seniorkampioenskappe uitgenooi wat op 23 en 24 April in Bellville, Kaapstad plaasgevind het. Hy verower ook hier 'n silwermedalje in die kategorie vir seuns o/19.

Sy aandag is egter tans op rugby gevestig waar hy Noord-Transvaal ook in die A-skolespan as heelagter verteenwoordig.

Affies wens hom hartlik geluk met sy prestasies en wens hom sterkte toe vir die komende seisoen.

## *WENNERS!*

*Baie geluk aan die volgende spanne wat as wenners van die A-bond deurdring na 'n volgende rondte in die liga:*

*Netbal: Senior A & O/16*

*Hokkie: Eerste span & O/15 A*

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 327505, and printed by The Pretoria News (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382.